



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**2015**

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:  
AFDELING A: Leesbegrip (30)  
AFDELING B: Opsomming (10)  
AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies (30)
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
4. Trek 'n streep ná elke afdeling.
5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Voorgestelde tydsindeling:  
AFDELING A: 50 minute  
AFDELING B: 30 minute  
AFDELING C: 40 minute

**AFDELING A: LEESBEGRIP****VRAAG 1**

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**TEKS 1: ARTIKEL**

**DIÉ SAKE RAAK JOU SAK**  
**Hou dop: jy gaan *anders* sake doen**

- 1 Baie gebeure wat verlede jaar die hoofskrifte in alle nasionale koerante gehaal het, gaan vanjaar steeds in die nuus wees. Die *Sakebeeld*-redaksie voorspel wat in 2015 die grootste invloed op die media – en jou sak – behoort te hê.
- 2 Eerstens is beurtkrag die huidige vlieg in die apteker se self. Beurtkrag het in die aanloop tot Kersfees talle nywerhede, winkelsentrums, restaurante en ander ondernemings groot finansiële skade berokken. Medupi sou die antwoord wees.
- 3 Teen die middel van 2015 word Medupi se eerste eenheid ten volle met die kragnetwerk geïntegreer. Of dié 794 MW se opwekkingsvermoë die probleme by ander kragstasies sal verlig, bly 'n ope vraag.
- 4 Alwyn Smit, direkteur van Beleggings van Sanlam Private Welvaart, sê toe die beurtkragkrisis in 2008 die land lamgelê het, was die oorsaak die verskaffing en gehalte van steenkool. “Dié keer hou dit verband met swak tegniese onderhoud en infrastruktuur – inderdaad 'n perd van 'n ander kleur! Daar is nie nou weer korttermynoplossings nie.”
- 5 Volgens Johan Willemse, landbou-ekonoom van die Universiteit van die Vrystaat, kan ons verwag dat probleme met kragverskaffing in die huidige jaar gaan vererger: “Trouens, swakker infrastruktuur is vanjaar 'n gegewe. Ondernemings belê gevolglik enorme bedrae in kragopwekkers wat die koste van sake doen noodgedwonge verhoog.”
- 6 'n Tweede saak wat vanjaar aandag sal kry, is die ekonomie. In sy vuurdoop as minister van finansies het Nhlanhla Nene in die begrotingsraamwerk in Oktober aangekondig dat Suid-Afrika se ekonomiese groei baie traag is: “Ons is by 'n keerpunt, want dit plaas die staat se inkomste uit belasting onder druk.” Hy het, voorts, maatreëls aangekondig om die regering se uitgawes te verminder en gesinspeel op hoër persoonlike belasting.
- 7 Die Internasionale Monetêre Fonds het intussen aangedui dat die uitwerking van hoër belasting dieselfde is as hoër rentekoerse – nóg 'n dreigende moontlikheid – en dit kan ekonomiese groei onderdruk. Dit lyk na 'n bouse kringloop vir die staat, en verhoogde belasting blyk, ongelukkig, onafwendbaar te wees.


- 8 Volgens Willemse behoort daar, ná die uitmergelende viermaandelange staking in die mynsektor gedurende die afgelope jaar, hopelik, 'n groter realisme by onderhandelingstafels in die mynboubedryf te wees. Hy waarsku egter dat huidige onderstrominge onder etlike vakbondfaksies tot verdere krisis kan lei. Hy is versigtig optimisties dat nuwe stakings nie weer sulke ekstreme afmetings sal aanneem nie.
- 9 Die Suid-Afrikaanse Lugdiens (SAL) val vanaf Desember onder die toesig en beheer van die waarnemende hoof, Nico Bezuidenhout, tans uitvoerende hoof van die doeltreffende staatsbeheerde laekostelugdiens, Mango, omdat die vorige SAL-hoof sy pos ontruim het. Bezuidenhout het in Desember 'n indrukwekkende aksieplan van 90 dae aangekondig waarin die lugdiens weer op koers geplaas moet word. Ons sal aan die begin van Maart weet of dit moontlik is om binne drie maande 'n duik te maak in die probleme van dié (tegnies bankrot) lugdiens.
- 10 Cees Bruggemans, ekonoom van Bruggemans & Associates, sê Amerika is nou, na die resessie, redelik goed op dreef en daarom verwag hy 'n rentekoersverhoging daar. Hierdie sterker Amerikaanse ekonomiese groei én die gepaardgaande rentekoersverhoging sal ontluikende markte en hulle geldeenhede (met inbegrip van Suid-Afrika) beslis duur te staan kom. 'n Verdere verswakking van die rand teenoor die dollar behoort darem, volgens hom, nie te wanordelik plaas te vind nie.
- 11 In 2014 het die olieprys skerp gedaal, wat 'n verlaging in brandstofpryse (wat Jan Alleman laat glimlag) tot gevolg gehad het. 'n Laer olieprys beteken laer inflasie en 'n skraler kans vir rentekoersverhogings.
- 12 Een vraagstuk wat dalk nie positiewe resultate sal kan oplewer nie, is die Suid-Afrikaanse Poskantoor se swak diens. Pos het in 2014 dakhoogte in stede opgestapel nadat tydelike werkers die stelsel lamgelê het ter wille van 'n 8%-verhoging en vaste aanstellings. Boonop het die Poskantoor die regering om meer as R2,3 miljoen se hulp gevra. Kan daar nog enigiets gedoen word om dié instelling se diens te verbeter? "Solank as wat daar nie kundige bestuurders aangestel word nie, sal dienslewering nie verbeter nie," aldus Willemse. Verwag dus dat 2015 verbruikers sal noop om toenemend na digitale vorme van kommunikasie te gryp.
- 13 Ander sake wat die voorblaaie van koerante gehaal het, maar beslis nie opgelos is nie, sluit in:
- Die paleisrewolusie by PPC Sement; die jaarvergadering op 26 Januarie behoort baie interessante gevolge te hê.
  - Woolworths wat deur betogende pro-Palestynse drukgroepe geboikot is; die saak gaan na verwagting vanjaar met 'n interdik teen die drukgroep opgevolg word.
  - Die ineenstorting van African Bank in Augustus wat, waarskynlik, sal lei tot ondersoeke na oorsake van die dilemma, en sondebokke sal uitgewys moet word.
- 14 Enigiemand wat gedink het die afgelope jaar se nuus is verby, sal in die nuwe jaar aan eie lyf voel dat die verlede hom telkens herhaal.

[Aangepas uit *Sakebeeld*, 6 Januarie 2015]

- 1.1 Herlees die titel, subopskrif en paragraaf 1.
- 1.1.1 Waarna verwys die opskrif met *DIÉ SAKE*? (1)
- 1.1.2 Waarom word *anders* (subopskrif) en *Sakebeeld* (paragraaf 1) onderskeidelik gekursiveer? (2)
- 1.2 Vind jy dit gepas dat die joernalis paragraaf 3 met die onderstreepte woorde afsluit? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.3 Bewys met feite uit paragraaf 4 dat die onderstreepte idioom korrek gebruik is. (3)
- 1.4 Herlees paragraaf 6. Hoeveel begrotingsraamwerke het Nhlanhla Nene as minister van finansies reeds, volgens dié paragraaf, aangebied? Haal 'n woord aan om jou antwoord te staaf. (2)
- 1.5 Herlees die onderstreepte sin in paragraaf 7.
- Voer bewyse aan wat daarop dui dat die joernalis hier tot die korrekte gevolgtrekking kom. (3)
- 1.6 Wat is Johan Willemsse (paragraaf 8) se standpunt oor *stakings* in die mynbedryf in 2015? (1)
- 1.7 Is daar hoop vir die SAL? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.8 Stem jy saam dat positiewe ekonomiese groei in Amerika vir Suid-Afrika net voordele inhou? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.9 Herlees paragraaf 12. Tot watter gevolgtrekking kom die skrywer oor die Suid-Afrikaanse Poskantoor? (2)
- 1.10 Gee 'n rede vir die gebruik van kolpunte in paragraaf 13. (1)
- 1.11 Dink jy die joernalis maak hom/haar in paragraaf 13, by die tweede aandagkol, aan diskriminasie skuldig? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.12 Dink jy die waarskuwing in die subopskrif word genoegsaam deur die teks ondersteun? Motiveer jou antwoord. (4)

**EN**

## TEKS 2: VISUELE TEKS



- 1.13 Verklaar die verskil in lettergrootte op die inligtingsbord. Dui ook aan wat met “hoes of koes” geïmpliseer word. (2)
- 1.14 Hoe weerspreek die voorstelling van die vrou die tema van Teks 2? (2)
- 1.15 Bewys met behulp van dié spotprent se inhoud dat die slotparagraaf van Teks 1 die waarheid is. (3)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 2**

- Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE belangrike aspekte wat 'n man in ag moet neem wanneer hy 'n meisie om haar hand vra.**
- Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
- Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**STEL DIE GRÓÓT VRAAG OP VALENTYNSDAG**

Valentynsdag – Dié dag word algemeen as die dag van die liefde beskou. Dit is baie maal die dag waarop Skugter Sarels hulle liefde (hetsy romanties of dramaties) aan Skaam Sannies verklaar. Baie ander mans gebruik dié dag om vaste verhoudings te bevestig. Wêreldwyd is dit ook 'n baie gewilde dag waarop huweliksaansoeke gedoen word.

Deesdae is dit verblydend dat al hoe meer mans hul huweliksaansoeke deurdink en moeite doen daarmee.

Vir diegene wat gereed is om die groot sprong op Valentynsdag te neem, het ons 'n lysie saamgestel van moets en moenies om in gedagte te hou.

Neem die gevoelens van die mens aan wie jy die huweliksaansoek wil rig, in ag. 'n Emosionele tranetrekery sal beslis nie die gewenste uitwerking op 'n rabbedoe hê nie.

Probeer die onderwerp vóór jou huweliksaansoek aanroer sodat jy seker is oor haar gevoelens vir jou. Wat jy die minste wil hê, is dat sy dit op Valentynsdag van die hand wys.

Dit klink dalk outyds, maar neem haar ouers ook in ag. Hulle sal jou respekteer en die band tussen julle sal verstewig indien jy hulle van jou voorgenome planne vertel.

Indien jy beplan om die vraag in 'n restaurant te stel, reël vooraf vir 'n tafel wat aan julle bietjie privaatheid sal gee.

Behalwe as jy presies weet waarvan sy hou, moenie namens haar 'n ring kies nie. Die meeste vroue sal daarvan hou om hul eie een te kies. Onthou, sy is die een wat dit gaan dra – hopelik baie lank.

Neem die voorkeure van jou geliefde in ag wanneer jy haar om haar hand vra. Dit help nie jy beplan iets buitengewoons soos 'n helikopterrit as sy nie van vlieg hou nie.

Moenie die huweliksaansoek doen wanneer sy op haar slegste lyk nie. Die meeste vroue sal moeite wil doen om op hulle allerbeste te lyk en te vóél wanneer die groot vraag gestel word.


'n Huweliksaansoek is 'n baie spesiale oomblik tussen twee mense en een wat hulle die res van hul lewens sal onthou.

[Aangepas uit *Leefstyl*, 12 Februarie 2014]

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



1 Meer drama as jou

2 skoonma

3 *Van 'n kontemporêre meesterstuk,*  
4 *soos "Romeo en Juliet" onder regie*  
5 *van Marthinus Basson tot 'n ou*  
6 *gunsteling soos "Faan se trein", is*  
7 *een ding seker oor vanjaar se*  
8 *Aardklop. Dit bied jou meer*  
9 *drama*  
10 *as wat jou skoonma van kan droom.*

11 Bring jou nader aan die kunste!  
12 27 September tot 1 Oktober, Potchefstroom  
13 [www.aardklop.co.za](http://www.aardklop.co.za)  
14 Bespreek by *Computicket*

© 2015 Aardklop

[Aangepas uit *Kakkerlak*, Winter 2005]



- 3.1 Bestudeer reël 1 en 2.
- 3.1.1 Gee die meervoud van die woord *drama* in reël 1. (1)
- 3.1.2 Watter bydrae lewer die skryfwyse van die woord *skoonma* (reël 2) in hierdie advertensie? (1)
- 3.1.3 Dink jy die visuele voorstelling ondersteun die teks? Motiveer jou antwoord. (1)
- 3.2 Opvallende vooroordeel kom in reël 1 en 2 voor. Waarin is die vooroordeel geleë en waarom is dit hier gepas? (2)
- 3.3 Gee 'n antoniem vir die onderstreepte woord in reël 3. (1)
- 3.4 Lees reël 3 en 4.
- 3.4.1 Vervang die emotiewe woord met 'n neutrale woord wat die oortuigingskrag van die advertensie verminder. (1)
- 3.4.2 Hoekom is die emotiewe woord as 'n advertensietegniek 'n beter keuse vir dié advertensie? (1)
- 3.5 Skryf reël 8 se woorde oor en vervang die leesteken met 'n aandagstreep. (1)
- 3.6 Gee die korrekte vorm van die voornaamwoord in die sin in reël 8–10. (1)
- [10]**

**EN**

#### VRAAG 4: STROKIESPRENT

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Raampie 1



Raampie 2



Raampie 3



Raampie 4

Jakkals is, inderdaad, 'n ou jakkals!  
Hy het reeds 'n plan in sy kop en wys vriendelik dat Wildehond moet stilhou.



Raampie 5

Hulle groet mekaar hartlik!



Raampie 6

Stil-stil verdwyn die (slyp) jakkals om die bakkie en loer vir Wolf en Wildehond ...



Raampie 7

Hy prop blitsvinnig vier hoenders in sy verweerde rugsak in! Hy kán mos darem met hoenders werk!



Raampie 8

Sonder dat iemand sien, skiet hy die rugsak met sy (fonds/vonds) agter 'n bos in!



Raampie 9

Fluit-fluit, hand in die broeksak, stap hy nader net toe Wildehond wil ry. Botter kan nie in sy mond smelt nie ...



Raampie 10

Hulle groet weer plegtig terwyl Wildehond ernstig raas:



Raampie 11

"Probeer tog nou, asseblief, om nie weer droog te maak nie!" en gee vir elkeen 'n presentjie!



Raampie 12

Toe hulle opgewonde wou begin feesvier en die rugsak ooppluk, sien hulle die vier hoenders wat Jakkals skelm vasgelê het, het versmoor!



[Aangepas uit *Huisgenoot*, 24 Junie 1997]

- 4.1 Verbeter die spelfout wat in raampie 1 voorkom. (1)
- 4.2 Vervang die woorde tussen hakies in raampie 1 met 'n gepaste intensiewe vorm. Skryf net die antwoord neer. (1)
- 4.3 Gebruik die soortnaam in raampie 2 konnotatief in 'n sin. (1)
- 4.4 Wat is die geïmpliseerde betekenis van die eerste sin in raampie 4? (1)
- 4.5 Lei die korrekte vorm van die woord tussen hakies in raampie 6 af en skryf dit neer. (1)
- 4.6 Skryf die voorwerp van die onderstreepte sin in raampie 7 neer. (1)
- 4.7 Skryf die korrekte vorm van die homofoon tussen hakies in raampie 8 neer. (1)
- 4.8 Verduidelik wat die onderstreepte idioom in raampie 9 beteken. (1)
- 4.9 Verander Wildehond se direkte woorde in raampie 11 na die indirekte rede. (1)
- 4.10 Watter klankverskynsel kom voor wanneer die woord *presentjie* (raampie 11) as **persentjie** uitgespreek word? (1)

[10]

EN

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Lees die teks hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**LEESLUS IN 'N TYD VAN E-BOEKE**

- 1 *Afrikaanse uitgewers is dit eens dat e-boekverkope in Suid-Afrika in die (vlg./vgl.) paar jaar nog meer gaan styg. Die vooruitsig lyk, inderdaad, positief – maar nié ten koste van die gedrukte, tradisionele boeke van papier nie! Maggie Marx het ondersoek ingestel.*
- 2 Nèlleke de Jager, NB-uitgewers se digitale uitgewer, is tevrede met hul e-boekverkope sedert NB verlede jaar ook via digitale platforms begin versprei het. “Ons verkope het van 'n lae grondslag af gegroei, maar oor die afgelope jaar is daar elke maand meer boeke in e-formaat beskikbaar gestel en die verkope het (elke maand) 'n sterker groei getoon.”
- 3 Frederik de Jager, uitgewershoof by Penguin Suid-Afrika, stem saam: “Wat ons gevind het, was hoë volumes aan die begin – toe te skryf aan die aanvanklike vrystelling van feitlik ons hele aktiewe titellys. Dis gevolg deur 'n stadige verlangsamings.”
- 4 Dat dit goeie nuus vir sommige van Afrikaans se gunstelingskrywers is, wat byna deur die bank eerder 'n gedrukte boek verkies, laat geen twyfel nie.

5 “Vir my lees ’n boek steeds makliker as ’n skerm,” sê Deon Meyer, wie se nuutste boek pas verskyn het. “E-boeke word dus redelik gereeld deur my gelees, veral as ek *reis*; die enigste nadeel van boeke is mos die gewig en massa.”

[Aangepas uit *Rapport*, 1 Februarie 2014]

- 5.1 Gee die rede vir die gebruik van die skryfteken by *e-boeke* (opskrif). (1)
- 5.2 In paragraaf 1 kom ’n voorbeeld van pleonasme/woordoortolligheid voor. Skryf die frase neer. (1)
- 5.3 Kies in paragraaf 1 die afkorting wat in die sin pas en gebruik die ander afkorting in ’n verduidelikende sin. (2)
- 5.4 Vervang die onderstreepte woorde in paragraaf 2 met EEN woord wat in die sin pas. (1)
- 5.5 Brei die onderstreepte sin in paragraaf 3 uit deur die byvoeglike bepaling as ’n byvoeglike bysin te skryf. Skryf die sin volledig oor. (1)
- 5.6 Skryf die onderwerpsin wat in paragraaf 4 gebruik is, neer. (1)
- 5.7 Skryf Deon Meyer se onderstreepte woorde in paragraaf 5 in die bedrywende vorm. (1)
- 5.8 Verskaf ’n rede waarom die verbindingswoord wat Deon Meyer in die onderstreepte deel gebruik, korrek is. (1)
- 5.9 Vorm na analogie van “huisgenoot” ’n ander woord van die gekursiveerde woord in paragraaf 5. (1)

[10]

**TOTAAL AFDELING C: 30**  
**GROOTTOTAAL: 70**